

Nuwe gevaar geskep deur nuwe veiligheidstoerusting!

Junie 2014

Die eerste foto wys 'n brandkraan op 'n dorp in die noorde van die VSA wat baie sneeu kry. Die vertikale staalstaaf aan die linkerkant van die kraan is bedoel om die posisie van die kraan te wys soos in Foto 2. Die doel van die vlag aan die staaf is dat brandweermanne die brandkraan kan kry onder dik sneeu. Die vlag merk ook die posisie van die brandkraan om te verhoed dat dit beskadig word deur skrapers wat die sneeu wegskraap of dat iemand 'n voertuig voor die brandkraan parkeer. Die vlag is dus veiligheidstoerusting wat bedoel is om die brandkraan te merk as daar dik sneeu is.

Die vlag (veiligheidstoerusting) veroorsaak egter 'n ernstige probleem. Die metaalstaaf is so geïnstalleer dat dit deur die handvat van die kraan gaan. Om die kraan oop te maak moet jy eers die staaf afhaal. Die staaf is ook in die pad as jy 'n spanner wil gebruik om die kraan oop te maak. Die staaf en vlag kan verwyder word, maar dit neem waardevolle tyd wat in 'n noodgeval krities kan wees.

Foto 1 stem ooreen met foto 3 uit die Beacon van Oktober 2004. In foto 3 het 'n boomtak deur die brandkraan se handvat gegroei, en maak dit moeilik om die kraan oop te maak. In foto 1 het iemand die staaf en vlag so geïnstalleer dat dit dieselfde effek het.



Het jy geweet?

- ➔ Die vlag op die brandkraan kan beskou word as veiligheidstoerusting – om die kraan te beskerm teen sneuskrapers, om parkering voor die brandkraan te voorkom, en sodat brandweermanne die brandkraan kan kry onder diep sneeu. Maar omdat die vlag verkeerd geïnstalleer is, is dit moeilik om die brandkraan vinnig oop te maak in 'n noodgeval. So die nuwe veiligheidstoerusting (vlag) het 'n nuwe, en moontlik meer ernstige veiligheidssituasie geskep!
- ➔ Nuwe veiligheidstoerusting kan nuwe gevare skep. Enige verandering aan toerusting, selfs een wat bedoel is om veiligheid te verbeter, kan nuwe gevare skep of bestaande gevare vererger. Dis veral waar as die nuwe veiligheidstoerusting nie reg geïnstalleer is nie.

Wat kan jy doen?

- ➔ Enige verandering aan 'n sisteem, insluitend byvoeging van nuwe veiligheidstoerusting, vereis deeglike besinning deur gebruik te maak van die aanleg se Bestuur van Verandering (Management of change, MOC) proses.
- ➔ As jy 'n MOC hersiening doen vir nuwe veiligheidstoerusting, maak seker dat die verandering nie nuwe gevare skep nie.
- ➔ Nadat die voorgestelde verandering goedgekeur is, maak seker dit word korrek geïnstalleer en die voor- inbedryfstellings hersiening, (Pre start-up safety review, PSSR) word deeglik gedoen.
- ➔ Maak seker die nooddienste se mense word betrek by die MOC en PSSR as dit hulle raak.

Hersien alle veranderinge –ook die bedoel vir veiligheid!